GAWE-ONTLEDINGSVRAELYS

Stap 1

Plaas ‘n numeriese waarde (1-5) vir elke stelling in die vraelys (1-39) regoor die ooreenstemmende nommer op die *sleutelkaart*.

Skryf in elke blokkie een van die volgende syfers neer:
1 = baie min
2 = min
3 = gemiddeld
4 = baie
5 = besonder baie

Die volgende is waar van my:

1. Ek hou daarvan om dinge te reël.
2. Ek kan kreatief werk met dinge soos skryf, skilder, teken, drama, dans en musiek.
3. Ek kan agterkom as iemand iets leer wat die Bybel nie vir ons leer nie.
4. Ek het al vriende met geestelike probleme gehelp.
5. Ek skep geleenthede om met mense oor Jesus te praat.
6. Ek aanvaar die Here se beloftes onvoorwaardelik en pas dit toe op dinge wat met my gebeur.
7. Ek gee maklik van my ou klere of geld of iets anders wanneer iemand dit nodig het.
8. Ek geniet dit om nuwe mense by die skool/werk te help.
9. Ek hou daarvan om gereeld vir ander mense te bid.
10. My vriende hou daarvan as ek leiding neem in die groep.
11. Ek hou daarvan om mense op ‘n praktiese wyse te help wat een of ander fisiese of geestelike probleem het.
12. Ek voel aan wanneer mense hulp nodig het met dinge waarmee hulle sukkel en probeer hulle dan op een of ander manier help.
13. Ek kan aan iemand anders ‘n saak so verduidelik dat hy/sy dit maklik verstaan.
14. Ek hou daarvan as dinge ordelik georganiseer is.
15. Ander mense dink ek is baie kreatief.
16. Ek kan in ‘n Bybelstudiegroep gou agterkom as iemand iets leer/sê wat nie reg is nie.
17. Ek het mense wat al af was op so ‘n wyse gehelp dat hulle weer goed voel.
18. Ek het al iemand tot geloof in Jesus gelei.
19. Die Here het my al verseker dat iets sal gebeur wat onmoontlik gelyk het en het daaraan vasgehou.
20. Ek gebruik maklik my geld om ander mense te help.
21. Ek sal daarvan hou om mense by die kerk te verwelkom.
22. Ek sou graag deel van ‘n gebedsketting wil wees.
23. Ek is al voorheen as ‘n leier van ‘n klas, groep of span gekies.
24. Wanneer ek mense op die TV sien ly dan wens ek dat ek by hulle kan uitkom om hulle te help.
25. Ek sal hou daarvan om klein takies te verrig wat die gemeente help opbou, bv soos tee skink of kollekte opneem tydens die erediens.
26. Dit is vir my opwindend om dinge wat ek geleer het met ander mense te deel.

27. As ek iets moet reël kan ek die regte take aan die regte persoon toeken.
28. Ek hou daarvan om nuut (anders) te dink oor iets of nuwe dinge te doen.
29. Dit is gewoonlik vir my maklik om tussen goed en kwaad of reg en verkeerd te onderskei.
30. Ek is bly wanneer my vriende my ter wille van troos, bemoediging of raad opsoek.
31. Ek kan die goeie nuus van Jesus duidelik aan iemand anders verduidelik.
32. Ek besit die vermoë om aan te hou glo dat die Here in hopelose situasies sal uithelp.
33. Ek het al baie my eie geld vir mense in nood gegee.
34. Ek bied maklik aan dat 'n vriend of 'n vriendin by my kan kom oorbly wanneer hy/sy slaapplek nodig het.
35. Ek bid gereeld vir die behoeftes van mense.
36. My vriende aanvaar my as 'n leier.
37. Ek besoek graag siekes en/of bejaardes.
38. My vriende sien my as iemand wat daarvan hou om klein takies vir mense te doen.
39. Ek sal graag mense dinge leer (soos bv. kategese of kleuterkerk).

Sleutelkaart:				
Organisering	1	14	27	**Totaal:**
Skeppend	2	15	28	**Totaal:**
Onderskeiding	3	16	29	**Totaal:**
Bemoediging	4	17	30	**Totaal:**
Evangelisering	5	18	31	**Totaal:**
Geloof	6	19	32	**Totaal:**
Uitdeling	7	20	33	**Totaal:**
Gasvryheid	8	21	34	**Totaal:**
Voorbidding	9	22	35	**Totaal:**
Leierskap	10	23	36	**Totaal:**
Barmhartigheid	11	24	37	**Totaal:**
Diens	12	25	38	**Totaal:**
Onderrig	13	26	39	**Totaal:**

Stap 2

Tel nou elke ry van die drie syfers op en skryf die totaal langs "Totaal".

Stap 3

Trek 'n kring om die hoogste drie totale tellings. Hierdie eienskappe gee vir jou 'n aanduiding wat jou gawe(s) kan wees en wat jou plek in die kerk van God behoort te wees.

My gawes met die hoogste tellings is:

1) _____ **2)** _____ **3)** _____

(Hierdie vraelys konsentreer net op die natuurlike gawes waarvan die Bybel praat. Wat die bonatuurlike gawes betref, sou dit egter baie duidelik gewees het as jy die gawe gehad het om in tale te kon praat of om dit uit te lê, om mense op 'n wonderlike wyse te genees of te ervaar dat God wonders deur jou doen. Vir hierdie tipe gawes sal jy mos nie 'n vraelys nodig het nie, want jy sal weet as jy dit het).